

**SKRIFGEDEELTE: 1 KONINGS 21:1-16**

**FOKUSGEDEELTE: 1 KONINGS 21:4, 7**

## **Agab – Waak teen selfbejammering!**

Agab was 'n koning wat in goddeloosheid uitgemunt het. In hierdie geskiedenis kyk hy met begerige oë na sy onderdaan Nabot se beskeie klein wingerd. Hy wil daarvan 'n kruietuin maak. As Nabot dan met goeie reg weier om sy erfgrond te verkoop, gaan lê Agab met 'n dik mond op sy bed. Eerder as om hom te bekeer en Nabot se eiendomsreg te erken, verkies Agab om die pad van selfbejammering op te gaan.

'n Mens wat homself bejammer, is altyd 'n patetiese skouspel. Wanneer daardie mens 'n koning met koninklike mag is, is die toneel nie net pateties nie. Dit is ook doodsvaarlik. Vir die koning sêlf, en vir diegene rondom hom. Prof. Jay E Adams skryf in hierdie verband: “Self-pity is the stuff out of which depression, despair, murder, suicide and other sins are made.” In hierdie geval het dit net die lis van 'n goddelose vrou soos Isebel gekos om Nabot te vermoor en sy erfgrond te steel. Met vreeslike gevolge vir Agab en sy familie!

Wat selfbejammering so gevaarlik maak, is die feit dat dit presies is wat die woord sê: SELF-bejammering! Dit beteken dat die sondaar net met homself en sy gekneusde ego besig is. Alle verstandige advies van buite (van welmenende vriende én van God!) word van die hand gewys. Al “adviseur” wat in die bedompige klein kringetjie ingenooi word, is die duiwel. Hy is welkom omdat hy die sondaar se ego streel en hom kragtig op die heillose pad na onder ondersteun!

Wees op jou hoede vir elke gestalte van selfbejammering. Volg in die spoor van jou Verlosser, Jesus Christus, wat selfloos en met volmaakte liefde tot aan die kruis vir sy vyande gebid het. Hy woon nou deur sy Gees in jou om ook van jôú 'n kampioen in jou stryd teen selfbejammering en sy tragiese gevolge te maak!

*Sing: Skrifberyming 15-7:4 ,5*

*Ds. JJ (Koos) Cloete (Hermanus)*